JAGHANDWAPEN SKIETOEFENING

1. Inleiding
Die doel van hierdie skietoefening is om ‘n tipiese handwapenjag voor te stel.

2. Teiken
Die Blouwildebees-teiken of die Sebra-teiken van die SAJWV word gebruik of enige ander teiken van tyd tot tyd deur die Skietkomitee goedgekeur. Die kop van die dier mag na links of regs wys (anders-om gedruk)

3. Universele reëls by skietoefeninge
Sien aparte dokument “Universele reëls by skietoefeninge” – dokument: J006.34.06A - vir beskrywing van algemene (universele) items

4. Skietbaan veiligheidsreëls en Standaardbevele
Sien “Skietbaan veiligheidsreëls vir Deelnemers” en “Standaardbevele op die skietbaan” - dokument: J006.35.03A - vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

5. Handwapens
Geen semi-outomatiese handwapens word toegelaat nie. Dubbel- en enkel-aksie rewolwers word egter toegelaat. Die minimum looplengte vir alle wapens is 101.4mm (4 duim).

6. Kaliber
Die minimum kaliber vir rewolwers is .357 Magnum.
Vir ander tipe jaghandwapens (Thompson Contender, Remington XP100 ens.) is die minimum kaliber 6mm (.243).

7. Visiere en teleskope
Geen beperking op visiere of teleskope nie.

8. Oefening (item verwysings na die dokument “Universele reëls by skietoefeninge”)

Tydsbeperking: **3 minute per afstand**.

a. **Vyf** skote word vanaf **50 m** vanuit die **sitposisie** met beperkte ondersteuning geskiet (verwys na item 18.2.2)

b. **Vyf** skote word vanaf **25 m** vanuit die **vryhand staanposisie** geskiet (verwys na item 18.4.3)

9. Erkenning
Skietbalkies met onderste afsnypunte van onderskeidelik brons, silwer en goud: **180, 210 en 240** is beskikbaar vir die skietoefening met ‘n maksimun puntetelling van **300**.

Teiken werklike grootte: WxH = 1000 x 750mm

Teiken areas	W x H mm	Area cm^2	vs Hart
Brein/skedel	136 x 96	102	80 %
Hart	117 x 135	128	--
V-hart	73 dia	42	33%
Sentrale hart/long	210 x 230	440	340 %
Groter hart/long	270 x 310	820	640 %

Nekwerwel: 70mm wyd
Die tellings is op die teiken gedruk.
Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op ’n afstand sigbaar is nie.
.



Teiken werklike grootte: WxH = 750 x 1000mm

Teiken areas	W x H mm	Area cm2	vs Hart
Brein/skedel	115 x 105	102	80%
Hart	117 x 135	128	--
V-hart	73 dia	42	33%
Sentrale hart/long	200 x 250	440	340%
Groter hart/long	270 x 310	820	640%

Nekwerwel: 70mm wyd
Die tellings is op die teiken gedruk.
Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op ’n afstand sigbaar is nie.
Die Blouwildebees en Sebra se vitale areas is presies dieselfde grootte